# SAHARA AVONTUUR REEKS

## 2. Spore na die Dood



MEIRING FOUCHE

# SPORE NA DIE DOOD

*deur*

**MEIRING FOUCHE**

en

proeflees en redigering deur
**PIETER HAASBROEK**

*Gepubliseer deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2025

**SPORE NA DIE DOOD**

Die voorblad illustrasie vir die Sahara Avontuur Reeks is deur AI-sagteware gegenereer, wat die narratief verryk. Hierdie boek word vir die eerste keer in Afrikaans in e-boek formaat vrygestel.

Die kopiereg vir hierdie storie is voorbehou en mag nie in geheel of gedeeltelik herdruk of versprei word sonder die uitgewer se skriftelike toestemming nie. Herdrukking sluit enige elektroniese of meganiese vorm in, soos e-boeke, fotokopiëring, skryf, opname op band, of enige ander manier om inligting te stoor of toegang daartoe te verkry. Alle karakters en gebeurtenisse in hierdie storie is suiwer fiktief en het geen verbintenis met enige lewende of oorlede individue nie.

SPORE NA DIE DOOD
deur Meiring Fouche

ISBN 978-1-928498-01-8

Gepubliseer deur:
Skatkis Boeke - Publiseerders, Strand Mews, Strand 7140
Suid Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2025)
Aanlyn Stoor: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

## OPSOMMING

Die verhaal begin in die hart van die Sahara met ’n patrollie van die Franse Vreemdelegioen, moeg na hul patrollie in die bloedige warm Sahara. Onder leiding van die reusagtige Fritz Mundt, verlang hulle na die effens beter geriewe van Dini Salam. Onder hulle is Teuns Stegmann, ’n Suid-Afrikaner wat spook met ’n historiese verbintenis met El Karima, die meedoënlose leier van die Doelak-Arabiere. Hul sending neem ’n donker wending met die ontdekking van twee dooie perde in Spaanse vroue rysaals en die afwesigheid van enige ruiters. ’n Goue hangertjie wat aan El Karima behoort word ook gevind, wat groot ongemak wek by die patrollie.

Die skokkende ontdekking laat die Legioen se probleme eskaleer. Kolonel Le Clerq, die garnisoen se bevelvoerder, is verstom om te verneem dat sy vrou, Antoinette, een van die vermiste ruiters is, vermoedelik ontvoer deur El Karima. ’n Losgeld eis bereik hulle kort daarna wat hulle ’n swaar keuse bied. Teuns Stegmann se lewe in ruil vir Antoinette se vryheid. Kaptein D’Arlan staan voor die onmoontlike keuse om een van sy dapperste manne op te offer of sy bevelvoerder se vrou te veroordeel.

D’Arlan worstel met sy besluit, wel wetende dat El Karima se woord waardeloos is, terwyl Teuns stoei met die moontlikheid om vir El Karima se wraak te sterf. In ’n verstommende daad verdwyn Teuns. Hy poog om homself te oorhandig aan El Karima, net om daarmee nog meer gevaar te skep vir almal betrokke. Teuns hou sy planne geheim en dit is aan die leser om te ontdek wat die held wegsteek. Sal Theuns daarin slaag om almal te red, of stap hy in 'n dodelike lokval in wat baie meer kompleks is as wat hy hom kon voorstel?

## UITTREKSEL

Op daardie selfde oomblik bring Akbar Krim sy versierde swaard daar in die woestyn vinnig omhoog en dan weer omlaag. Dit blits in die vroeë sonlig.

Daar is die gedreun van hoewe en ’n duisend jong Doelaks, hul lippe droog omdat hierdie hul eerste geveg is, jaag in ’n groot sirkel op die klomp Legioensoldate af.

Die ouer krygers hef hul oorlogskreet aan en kyk met voldoening na die toneel voor hulle. Op honderd treë spring die Doelaks van hul perde af en met ’n aaklige geskreeu, wat selfs die mees geharde Legioenman ’n draai op sy maag gee, bestorm hulle die kolonne van kaptein D’Arlan.

“Dood die Legioen!” skree die Arabiese offisier wat hulle lei. Hy wou nog “Legioenhonde” gesê het, maar hy kom nie so ver nie, want toe hy vyftig treë van die Legioenmanne af is, val hy vooroor met twee koeëls in sy bors.

Hy het nie eens gehoor hoe dat D’Arlan hard op sy fluitjie geblaas het nie. Hy hoor nie eens die oorverdowende sarsie wat oor die stil woestyn wegkras nie. Hy sterf net daar met sy gesig in die koel sand.

# 2. SPORE NA DIE DOOD

## Hoofstuk 1

### TWEE PERDE

Die strepie manne is maar klein en onbenullig hier in die onmeetlike sandwoesteny van die Sahara. Hulle slof kop onderstebo deur die sand aan en hulle hoor selfs nie meer die geknars van hul swaar stewels nie. Die hitte van die ongenadige son kasty en pynig hulle en hul lippe voel groot en seer, maar hulle is dankbaar. Hulle is dankbaar dat hulle aan terugkeer is na Dini Salam, die suidelike voorpos van die Franse Vreemdelegioen. Weg uit hierdie groot woestyn waar die opstandige Arabiere, so wreed as ’n mens maar kan kry, nie hul grootste vyande is nie, maar wel die sand en die hitte.

“Moenie huil nie, broeders, en moet ook nie treur nie,” sê Fritz Mundt, die kolossale Duitser. “Voor die son sy kop wegtrek, is ons in daardie vlieënes wat hulle Dini Salam noem, daardie beroemde plek waar ons weer bietjie wyn kan gaan drink en dink hoe dat Arabiere kan stink, as die son werklik warm is. Sien julle nie daarna uit om weer jul gewaardeerde makkers van die garnisoen te sien nie? Sien julle ook nie uit na die heerlike ondervinding van die dril oefeninge nie?”

Die meeste van die tien kêrels wat hier aanstryk, snork duidelik hul afkeuring uit. Hulle is wel dankbaar dat hul patrolliewerk hier deur die woestyn nou amper agter die rug is en dat hulle in die volgende drie maande nie meer daarvan sal hoef te doen nie. Hulle kan egter nou net nie geesdriftig word oor hierdie rampsalige Dini Salam nie. Dit is ’n stinkende ou Arabiese dorp vol vuil, drukkende swartes, steunende kamele en balkende donkies. Met miljoene vlieë wat voel of hulle jou vel van jou liggaam aftrap.

Maar tog, Dini Salam is darem beter as die teistering van die patrolliewerk in die woestyn. Patrolliewerk! Hierdie patrollie van hulle was nou ’n nul op ’n kontrak, want hulle het omtrent nie eens ’n aasvoël

gesien nie. Ook geen vreemde spoor teëgekom nie, nie eens ’n kameel of ’n Arabier sien doodlê nie.

“Jy het ’n snaakse sin vir humor, ou grote,” sê Teuns Stegmann, die lang, atletiese Suid-Afrikaner met sy helderblonde krulhare en lewendige blou oë, wat hier langs Fritz Mundt stap. “Wat is nou vir jou so snaaks aan hierdie ellendige Dini Salam? Dit is net ’n nes, ’n donker spelonk vol drama. Ek loop amper liewer hier deur die woestyn as om daar in daardie gat te gaan sit.”

“Ja, maar jy het nie ’n smaak vir die fynere dinge nie, Teuns,” kap Fritz kamma teë. “Kan ’n mens hier in die woestyn ’n snapsie drink? Kan ’n mens hier op jou rug in die skaduwee lê en dink aan die dae toe jy nog ’n mens was? Sien ’n mens ooit hier ’n rok waai, boeta? En wat is die ou lewe werd as ’n man nie eens ’n rok sien waai nie?”

“Hoor-hoor!” breek Jack Ritchie, die maerige Engelsman in. “Maar Teuns steur hom mos nie meer aan vroumense sedert hy met El Karima deurmekaar was nie.”

Hierdie woorde maak Teuns Stegmann seer. Hy kyk nie eens na die Engelsman nie. Sy gedagtes vlieg terug na daardie paar dae, al meer as ses maande gelede toe hy met El Karima, die skone leidster van die Doelak-Arabiere, deurmekaar was. Die mooiste van alle mooi vroue wat hy al ooit gesien het. Hy dink aan hul opwindende ure saam in die paleis van Doetra, waar sy hom haar liefde gegee het. Hy was haar gevangene, net soos so baie van sy makkers. Maar sy het hom bemin. En toe het hy haar verraai.

El Karima, die blanke vrou met haar blonde hare en diepblou oë, haar weergalose liggaam, wat vorstin van die Doelaks geword het.

El Karima, die wreedaard wat geen genade het nie.

Hy sien weer haar oë voor hom, hy voel weer die sagte brand van haar lippe op syne. Hy voel weer die aanraking van haar voortreflike liggaam, hy kry weer die geur van haar glinsterende hare.

"Moenie ou Teuns seermaak nie," spot Fritz Mundt. "El Karima het vir hom teer herinneringe. Maar as sy hom ooit weer in die hande kry, trek sy seker sy vel af, of hoe, *mon ami*?" Die groot Duitser kyk na Teuns af en hy sien hoe dat die jeugdige Suid-Afrikaner se blou oë vuur skiet.

"Jy het vandag baie te sê, Fritz Mundt," dreig Teuns en sy groot vuiste bal stadig.

"Verlede keer het sy jou op die pynbank gehad," gaan die Duitser voort asof hy die dreigement in Teuns se houding nie eens raak sien nie. "Maar hierdie keer sal jy tussen die wilde perde vasgemaak word, broeder. Het jy al gesien as die Doelaks 'n man tussen twee wilde perde vasmaak?"

Die volgende oomblik is dit of daar 'n veer in Teuns Stegmann los spring. Die beweging van sy lang, slanke liggaam is soos die van 'n mamba. Die kort haakhou tref die groot Fritz Mundt op die punt van sy kakebeen en die Duitser steier eers 'n entjie skeef en dan slaan hy soos 'n os op die warm sand neer. Sy oë is groot van verbasing en skok. Toe breek die woede uit hom, toe die ander kêrels dawerend aan die lag begin gaan.

"Jou ellendige vuilgoed!" dreig die Duitser en spring uit die sand op.

Teuns plant hom vierkantig voor Fritz, maar voor die Duitser mooi orent is, sny 'n ander stem deur die warm stilte.

"Wat die duiwel gaan hier aan? Is julle 'n klomp rampokkers of soldate van die Vreemdelegioen?" Dit is sersant Vermeer wat praat, die kort Hollandertjie met sy vreeslike bleskop en sy twee bene wat so bak staan dat hy seker nie twee varke langs mekaar sal kan keer nie.

"Wat gaan hier aan?" bulder hy weer en toe praat Fritz Mundt, wat beurtelings sy klere afstof en dan weer aan sy seer ken vat, want daardie kort houtjie van Teuns het hom lelik seergemaak. "'n Klein misverstandjie, *mon officier*," sê Fritz amper pleitend. "Dit is nou weer alles reg."

Fritz kyk in Teuns se blou oë en hy sien die klein glimlaggie wat stadig oor die Suid-Afrikaner se aantreklike gesig versprei, waarop die baard nou dig en donker verskyn het, want hulle is al amper 'n week in die woestyn om te probeer vasstel wat die Arabiere alles aanvang.

"Bêre julle misverstande tot later," sê die verdraagsame Vermeer. "Ek het nie nou lus vir nonsies nie."

"*Qui, mon Capitaine*," sê Fritz Mundt onderdanig, maar sy oë lewe en vonkel van die pure pret en kattekwaad.

"Voorwaarts!" gelas Vermeer en die klein kolonne begin weer stadig beweeg hier teen die skotige duin op, waar die laaste sandstorm rimpelings nagelaat het, soos klein plat golwe op die see.

Teuns kyk na Fritz op. "Ek is jammer, ou grote, ek het my humeur verloor."

"Maar jy slaan soos 'n Spaanse muil skop, *mon ami*," sê Fritz en vat weer aan sy ken. "Jy is die eerste een wat in 'n baie lang tyd daarin geslaag het om Fritz Mundt plat te slaan."

Die Duitser struikel skielik vooroor, want Jack Ritchie wat net agter hom stap, het hom gepootjie.

Maar Fritz doen niks nie, want Vermeer kyk net toe vinnig om, om te sien of sy klein kolonne darem marsjeer soos dit 'n patrollie van die Legioen betaam.

"Van El Karima gepraat," sê Podolski, die Pool, hier agter hulle. "Ek wonder wat sy in haar kop het. Ek vertrou nie hierdie stilte nie. Ek sweer sy is besig om vir ons weer 'n pot warm pap aan te maak. Van dat sy daardie dag in Doetra met die appelblouskimmel onder manskap Stegmann uitgeglip het, is nog niks weer van haar gehoor nie."

Fritz Mundt, wat homself as die orakel van die garnisoen op Dini Salam beskou, trek sy groot skouers op, maak sy waterflessie los en drink 'n slukkie water. "Ek dink ons gaan gouer van haar hoor as wat ons ons

verbeel," sê hy. Sy is nie die soort wat lank sal stilsit nie. In Doetra het ons daardie dag 'n spul Doelaks doodgeskiet en hul wapenhuis in die lug laat spring, maar waar is al die ander Doelaks? Waar is al die Arabiere?

Een van die dae sal sy weer ons velle laat waai. Sy het mos 'n heilige oorlog beloof en ek dink 'n heilige oorlog gaan ons kry. Dan gaan die duiwel behoorlik los wees, *mes amis*. As al wat Arabier is weer op ons gaan neerdaal, sal die spaanders behoorlik waai."

"Vir wat het hulle nie 'n klomp van ons gestuur om Doetra te beset nie? Sy sal maar net terug gaan en die plek weer van vooraf beset," sê Jack Ritchie.

"Lord Haw-haw," spot Fritz Mundt die Engelsman, onthou, jy is net 'n soldaat. Jy is nie veronderstel om te dink of jou mening uit te spreek oor wat die grootkoppe doen nie. Jy moet net marsjeer en met jou geweer skiet. As jy te veel praat, sit hulle jou dalk teen die muur. Wie is ek en jy om te wonder waarom Algiers nie sus of so maak nie? Dalk meen hulle dat El Karima klaarpraat is nadat ons so rof met haar garnisoen in Doetra gewerk het. Dalk dink hulle sy het Timboektoe toe gevlug of dalk dink hulle sy het 'n man gevat en sy sit ewe gelukkig onder 'n palmboom iewers in die Sahara."

"Sy sal net so min stilsit as 'n hardwerkende mier," sê Jack Ritchie, maar praat dan nie verder nie. Hulle het die hoë kruin van die duin bereik en dan sien hulle almal dit tegelyk. Klomp draaiende aasvoëls in die lug, na die noordekant van hulle, maar nie ver voor hulle nie.

Sersant Vermeer steek sy hand op en die kort kolonne kom dadelik tot stilstand. Dan gooi hy sy verkyker voor sy oë.

"Hmm," snork Fritz Mundt, "lyk my ons gaan per slot van sake nie so 'n oninteressante reis hê nie?"

"Dalk maar net 'n kameel wat daar doodlê," sug Teuns Stegmann en gaan sit op die warm sand om bietjie te rus.

Fritz en die ander gaan ook steunend sit en Fritz sê. “Ek voel so aan my broek daardie is nie sommer net ’n kameel nie. Vir wat sal ’n kameel hier so naby aan Dini Salam doodgaan?”

“Wat dan anders?” wil Teuns weet.

“Dalk het een van ou Vader Krismis se rendiere daar dood neergeval,” spot Fritz en hy rol ’n bietjie fyn tabak in ’n stukkie papier toe. Hy steek die sigaretjie op en dan gee hy dit vervolgens aan Teuns en Jack Ritchie om ook elkeen ’n paar skyfies te trek. Teuns trek ’n vreeslike gesig. “Waar kry jy hierdie gemors?” vra hy en spuug op die sand.

Fritz leun vooroor en fluister vir die Suid-Afrikaner. “Gisteraand uit Zakof se sak gesteel. Dit is seker die soort van tabak wat hulle Russe rook.”

“Jy behoort jou te skaam,” betig Jack Ritchie hom kamma.

“Skaam? Waaroor? Zakof is maar net ’n Rus. Hy’s mos nie ’n mens nie. Buitendien het hy mos een slag vir luitenant Juin gaan vertel dat ek ’n halfbotteltjie onder die matras weggesteek het.”

“Voorwaarts mars!” beveel Vermeer van die kant af en hulle staan op en volg hom die duin af. Nou gee Vermeer egter ’n vinnige pas aan. En die manne kap dit ook behoorlik uit hier oor die sand, want almal is ewe nuuskierig om te sien waarmee die aasvoëls besig is. Meeste van hierdie manne het die dood al baie maal gesien, in baie aaklige vorms, maar net soos vir enige ander mens, het die dood vir hulle nog steeds ’n morbiede soort van aantrekkingskrag.

Eindelik kom hulle op die kruin van ’n perdeskoen duin uit en hier onder hulle, in die straat tussen die twee duine, sien hulle ’n digte hoop aasvoëls bondel en veg. Hulle kras heen en weer en daar is ’n ligte ruising van vlerke vanaf die wat nie die aas kan bykom nie, ongeduldig oorheen moet bly vlieg.

Vermeer laat die manne vinnig afsak na die straat van die duin. Toe hulle nader kom, verwilder hulle die vegtende voëls sommer met die

lope van hul kort snelgewere. Dan eers sien hulle wat dit is.

Hier voor hulle lê twee perde dood.

Dit is twee ryperde. Die bebloede saals sit nog skeef op hul rûe wat al deur die aasvoëls verflenter is.

“Net twee perde, nie juis baie interessant nie,” sê Jack Ritchie amper bietjie teleurgesteld.

“Dit is meer as interessant,” sê Fritz Mundt.

“Hoe so?” wil Podolski weet.

“Kan jy nie die bloed op die sand sien nie?” vra Teuns vir die Pool.

“Ja, hulle het nie ’n natuurlike dood gesterf nie, jou Poolse aap,” spot Fritz Mundt hom.

“En die saals, kyk na die saals,” sê Teuns. “Nie Arabiese saals nie, ook nie Franse saals nie. Dit is twee Spaanse vrouesaals...!”

“Dit klink amper of jy in die Pruisiese ruitery was,” sê Vermeer vir Teuns, terwyl hulle om die perde loop en hulle ondersoek. Die aasvoëls bo hulle in die lug protesteer deurentyd hul ete wat nou so drasties onderbreek is.

“Maar dit is die waarheid, *mon Sergent*,” sê Fritz Mundt.

Teuns buk hier voor die twee perde. “En hier is nog iets, *mon Sergent*,” sê Teuns.

Vermeer kom hurk hier langs die Suid-Afrikaner. “Hmm, blykbaar is hulle netjies en opsetlik doodgeskiet,” sê Vermeer.

Fritz steek sy hand onder ’n perd se blad in. “Nog warm. Dit moes sommer netnou gebeur het, *mon Sergent*,” sê hy.

“Dit weet elke bobbejaan, anders sou die aasvoëls hulle lankal opgevreet gehad het,” sê Vermeer uit die hoogte.